# DIE MUSEUM SE ROL IN DIE AANKWEEK VAN 'N OMGEWINGSBEWUSTHEID

Martie van der Merwe

THE ROLE OF MUSEUMS IN THE DEVELOPMENT OF ENVIRONMENTAL AWARENESS

The aim of this paper is to stress the importance and urgency of educating about the environment in the South African context. The origin of environmental education can be traced back to the writings of Plato and Theophrastus, through to the international movement that it is today. The guiding principles for effective environmental education, as adopted at the Tbilisi Conference in 1977, are presented. Points of common ground were traced in the museum literature and the ideas and work of Brian Wilmot and Sylvia van Zyl of the Albany Museum are strongly supported. The promotion of an environmental message *in* museums as well as outreach programmes by museums is propagated. It is emphasised that both museum and environmental education have, *inter alia*, to address the issues of relevant education, interdisciplinary education, education across the curriculum, the importance of teacher training and needs for resource materials. A comparison is drawn between van Zyl's proposed mission for museum education and the mission of the Environmental Education Section of the Department of Environment Affairs. An appeal is made to museums, as important educational institutions, to spread the conservation message. A few suggestions in this regard are made. Co-operation with the Department of Environment Affairs, Nature Conservation Agencies and Teachers' Centres is suggested. The Department's functions with respect to environmental education are introduced and museums are asked also to reveal their needs, and to pool their efforts in the development of an ecologically sustainable society.

Vandag gaan daar 2 000 babas in Suid-Afrika gebore word. Dit verteenwoordig 'n groeikoers van amper 3% per jaar, wat beteken dat die huidige bevolking van 25 016 525 op 33 102 900 te staan sal kom teen die jaar 1997. 'n Wêreldbevolking van ses biljoen mense word voorspel vir die jaar 2000 en teen die begin van die 22e eeu sal enigiets tussen agt and 15 biljoen mense in dieselfde hulpbronne moet deel as wat ons vandag het en wat die mense voor ons gehad het om in ons basiese behoeftes te voorsien.

Hierteenoor gaan sowat 11 miljoen hektaar van die wêreld se bewerkbare grond jaarliks verlore as gevolg van erosie, swak boerderypraktyke, vergiftiging en die oorskakeling van landbougrond na gebruike vir nie-landboudoeleindes (bv. konstruksie en mynbou). Hierby moet ook die sewe miljoen hektaar grasvelde getel word wat jaarliks verlore gaan as gevolg van die uitbreiding van woestyne.

Twaalf miljoen hektaar woude word jaarliks vernietig - dit is 'n oppervlakte omtrent so groot soos Engeland. Indien huidige tendense vir houtverbruik sou voortduur, sal die wêreldbevolking vier biljoen ton hout per jaar verbruik teen die jaar 2000. Terug in Suid-Afrika: daar word beraam dat die vraag na bruikbare water die aanbod sal oorskry teen 2020 - dit is 33 jaar van nou af, dit wil sê u en ek sal dit dalk nog beleef.

Ek kan u vir die res van die dag besig hou met statistieke oor wat besig is om met die omgewing te gebeur - en die mens se invloed in hierdie prosesse. 'n Redelik eenvoudige aspek soos rommelopruiming kos Suid-Afrika sowat 75 miljoen Rand per jaar - en dit sluit nie vullisverwydering in nie, dit is slegs vir opruiming vanaf die grond!

Omgewingsprobleme soos hierbo genoem kom in Suid-Afrika en oor die hele wêreld voor. Wat sake vir ons meer kompleks maak, is die feit dat ons te make het met soveel verskillende kulture met verskillende waardes en persepsies van die omgewing. Met omgewing word bedoel die natuurlike sowel as die mensgemaakte omgewing. Wanneer ons die dikwels gebrekkige omgewingsgerigte beplanning vir die beboude omgewing by bogenoemde voeg, dan spreek dit van onoordeelkundige bestuur en beskerming van ons omgewing: en van 'n houding van onverskilligheid daarteenoor. Hierdie houding spruit dikwels voort uit 'n algemene onkunde oor omgewingskomponente en hul interverwantskappe en die rol wat die mens hierin speel. Wat min mense werklik besef, is dat omgewingskwaliteit 'n direkte invloed het op lewenskwaliteit en dat omgewingsagteruitgang in sy ekstreme vorm uiteindelik die mens se voortbestaan op aarde kan bedreig.

Dames en here, ek wil nie vir u 'n betoog kom lewer nie. Ek wil u wel onder die indruk van die belangrikheid en dringendheid van die saak bring, en ook elkeen van ons se verantwoordelikheid in dié verband beklemtoon. Daar is 'n Spaanse gesegde wat lui: ''n Vrou gee nie goeie raad nie, maar net 'n dwaas sal dit ignoreer'. Ek hoop dat u my woorde ter harte sal neem wanneer ek hier by die kongres van die opvoedkundige beamptes van die Suider-Afrikaanse Museumvereniging vandag op u 'n beroep kom doen om hande te vat in die daarstelling van 'n omgewingsbewuste en omgewingsgeletterde bevolking: 'n bevolking wat omgewingsprobleme die hoof kan bied tot voordeel van huidige, maar ook vir toekomstige geslagte: mense wat verantwoordelikheid vir hulle omgewing sal aanvaar en sal streef na die *oordeelkundige gebruik* van hulpbronne.

U sal met my saamstem dat die enigste manier om hierdie doelwit te bereik, deur die proses van opvoeding is. Opvoeding oor die omgewing kom reeds 'n ver pad en kan selfs nagespoor word in die geskrifte van Plato en Theophrastus. Die moderne konsep van omgewingsopvoeding het egter sy beslag gekry in die negentiende eeuse Europa as reaksie op die negatiewe omgewingsinvloede van die Industriële Revolusie. Groot prominensie is ook verleen aan hierdie saak in die *World Conservation Strategy* wat in 1980 gepubliseer is. Hierin is onder andere verklaar dat die fundamentele kwessies waaraan aandag gegee moet word om van oordeelkundige bestuur en beskerming van die omgewing 'n realiteit te maak, die kwessies van armoede, die ongelyke verdeling van hulpbronne en rykdom en die dag-tot-dag se swaarkry van mense regoor die wêreld is.

Omgewingsopvoeding is vandag 'n internasionale beweging gerugsteun deur wêreldwye besorgdheid: Suid-Afrika het geen keuse as om ook hieraan deel te hê nie. Die algemeen aanvaarde omskrywing van die term omgewingsopvoeding is dié van die 'International Union for the Conservation of Nature and Natural Resources (IUCN)'. Dit lui soos volg:

> "Environmental education is the process of recognising values and clarifying concepts in order to develop skills and attitudes necessary to understand and appreciate the interrelatedness among man, his culture and his biophysical surroundings. Environmental education also entails practice in decision making and self-formulation of a code of behaviour about issues concerning environmental quality."

Oor die afgelope 15 jaar is verskeie internasionale konferensies oor omgewingsopvoeding gehou. Die belangrikste hiervan was sekerlik die Konferensie oor

die Menslike Omgewing in Stockholm, Swede, in 1972, die Internasionale Werkskool oor Omgewingsopvoeding in Belgrado, Joegoeslawië in 1975 en die Interstaatlike Konferensie oor Omgewingsopvoeding in 1977 in Tbilisi, Rusland. By laasgenoemde twee konferensies het belangrike beginselstandpunte oor omgewingsopvoeding die lig gesien, naamlik die Belgrado Oktrooi en die Tbilisi Deklarasie. Uit laasgenoemde hou ek die rigtinggewende beginsels vir omgewingsopvoedingsprogramme kortliks aan u voor. (Sien Raam 1).

RAAM 1

*GUIDING PRINCIPLES FOR EFFECTIVE ENVIRONMENTAL EDUCATION AS ADOPTED AT THE 1977 INTERGOVERNMENTAL CONFERENCE ON ENVIRONMENTAL EDUCATION HELD AT TBILISI, USSR.*

Environmental education should:

- consider the environment in its totality - natural and built, technological and social (economic, political, cultural-historical, moral, aesthetic);
- be a continuous lifelong process, beginning at the pre-school level and continuing through all formal and nonformal stages;
- be interdisciplinary in its approach, drawing on the specific content of each discipline in making possible a holistic and balanced perspective;
- examine major environmental issues from local, national, regional and international points of view so that students receive insights into environmental conditions in other geographical areas;
- focus on current and potential environmental situations while taking into account the historical perspective;
- promote the value and necessity of local, national and international cooperation in the prevention and solution of environmental problems;
- explicitly consider environmental aspects in plans for development and growth;
- enable learners to have a role in planning their learning experiences and provide an opportunity for making decisions and accepting their consequences;
- relate environmental sensitivity, knowledge, problem-solving skills and values clarification to every age, but with special emphasis on environmental sensitivity to the learner's own community in early years;
- help learners discover the symptoms and real causes of environmental problems;
- emphasize the complexity of environmental problems and thus the need to develop critical thinking and problem-solving skills;
- utilize diverse learning environments and a broad array of educational approaches to teaching/learning about and from the environment with due stress on practical activities and first-hand experience.

Dames en here, ek moet vandag by u pleit om aan hierdie belangrike saak sy regmatige plek te gee. In my beplanning vir hierdie referaat het ek gaan soek vir 'n aansluitingspunt in u literatuur, en veral in *SAMAB*. U sal my vergewe as ek geweldig opgewonde was oor veral die idees en werk van Brian Wilmot en Sylvia van Zyl van die Albany Museum, want hulle het reeds die aanvoorwerk vir my gedoen.

In 1981 verskyn 'The Albany Museum School Service - 44 years' van Van Zyl in *SAMAB*, en hierin word die geskiedenis van die uitleendiens aan skole uiteengesit. 'Outdoor Education Programmes at the Albany Museum' verskyn in 1984, en hierin maak Van Zyl die volgende belangrike stellings:

> "... outdoor education has a valid place in museums" en "Museum displays and museum lessons cannot tell or show all there is to know about the specimens and objects. They serve rather to further existing knowledge and, of even greater importance, to arouse interest and to stimulate questioning.
>
> When viewing an object in its true context and natural setting, thoughts are guided into clearer perspective and many questions can be answered by the individuals themselves."

Ek lees hierin ook van museumklubaktiwiteite en van die 'Enviro Venture' programme, waar samewerking tussen bewaringsinstansies en die museum reeds ontstaan het "from a shared policy relating to the promotion of an awareness of our environment, and the necessity to conserve that environment". Die waarde van betrokkenheid van navorsingspersoneel (soos entomoloë, argeoloë) by hierdie programme word beklemtoon. Daar word afgesluit:

> "By broadening the scope of its educational activities to include outdoor interpretation the Albany Museum has, over a number of years, reached many children and adults. It is believed that through their experiences these people not only understand and care more about their natural and/or cultural heritage but also have a clearer concept of museums."

Beide kante het dus voordeel getrek uit hierdie aktiwiteite. In sy 'Outdoor Education: A Matter of placing the museum object in its environment' sluit Wilmot baie sterk aan by hierdie standpunt. Hy skryf: "That simple museum objects can be used to good advantage both to introduce and to stimulate interest in the world about us is too often overlooked." Hy stel 'n denkwyse van 'Education by museums and not merely in museums' voor en verklaar "... I am convinced that the provision of outdoor education programmes is a valid function of museums." Dit was in 1984. In 1986 bou Wilmot sy standpunt verder uit in 'Ringing the Changes: A Call to South African Museums'. Hy skryf:

> "Of far greater importance is to look at where our museums are today and what more can be made of them to meet the needs of the total South African community."

Hy beklemtoon die feit dat die onderliggende boodskap van museumuitstallings (veral in natuurhistoriese museums) eintlik 'n bewaringsboodskap is, maar bevraagteken die invloed daarvan by ons Swart, Indiër en Kleurlingbevolkings.

> "No matter how impressive such exhibitions and the like may be they are quite useless if 80% or more of the population, which constitutes the real impact on the environment, miss the point."

Ek onderskryf bogenoemde standpunte ten volle. Ek propageer ook die uitdra van 'n omgewingsboodskap *binne die museum, sowel as na buite.*

Ander aspekte wat ook reeds deur museumkundiges onder die loop geneem is, en wat 100% inpas by die beginsels, maar ook by die vraagstukke van omgewingsopvoeding, is die kwessie van relevante opvoeding; verskillende teikengroepe en die probleme van 'n beperkte wêreldvisie; interdissiplinêre opvoeding en onderwys dwarsoor die kurrikulum; 'n behoefte aan navorsing oor persepsies van die algemene publiek; die belangrikheid van onderwyseropleiding, beide voorgraads en in-diens; die noodsaaklikheid van en behoeftes aan hulpbronmateriaal soos onderwysersgidse, en vele meer.

Ek het ook op Van Zyl se voorgestelde missie vir museums afgekom, nl. "The goal of the Museum shall be the furtherance of man's understanding of himself, his society, and the natural world of which he is part." Vergelyk dit met die doel gestel vir die Afdeling Omgewingsopvoeding van die Departement van Omgewingsake, en die raakpunt is baie duidelik:

> "Om die inwoners van die RSA bewus te maak van die mens se verantwoordelikheid, en sy rol, in die oordeelkundige bestuur en beskerming van die omgewing."

Dames en here, my doel vandag is tweeledig van aard. Ek wil 'n beroep doen op museums om die omgewingsboodskap uit te dra, omdat ons u as van dié belangrikste opvoedkundige instellings beskou, maar ek wil van die Departement se kant af ook hulp aanbied vir hierdie groot taak. Ek is geen museumkundige nie en wil nie vir u kom voorskryf wat om te doen nie, maar vergun my die geleentheid om enkele gedagtes in u midde te lê:

- Ons sou graag wou sien dat omgewingsopvoeding sterk figureer in die Beleid vir Museumopvoeding wat u besig is om te formuleer.
- Ons sou graag wou sien dat u uitstallings die lyn deurtrek na die omgewing en hulpbronne bv. hoe manipuleer die mens die omgewing/wat haal die mens uit die omgewing om sy huis te bou, vir voedsel, medisyne ens. Straatname gee dikwels 'n aanduiding van hoe die omgewing gelyk het vóór die dorp ontwikkel is. Die moontlikhede is legio.
- Die insluiting van aktiwiteite wat 'n omgewingsbewustheid kan bewerkstellig in u vakansieprogramme, museumklubaktiwiteite, uitleendienste. Ek was baie opgewonde oor die voorgestelde 'National Museum Outreach Programme' en verneem graag na die vordering wat daarmee gemaak is.
- Die aanbied van kompetisies met omgewingsverbetering as doelwit. Die Departement bied reeds sulke omgewingskompetisies aan en ons sou u ook graag betrokke wou sien.
- Die propagering en gebruikmaking van geleenthede soos Wêreldomgewingsdag (5 Junie) en die meegaande Omgewingsweek in SA asook Nasionale Boomplantdag (2$^{e}$ Vrydag in Augustus). Hierdie is jaarlikse instellings.
- Betrokkenheid by instansies vir die bevordering van omgewingsopvoeding, soos OOGSA (Omgewingsopvoeding Genootskap van Suider-Afrika).
- Samewerking tussen museums en die Departement van Omgewingsake, die provinsiale natuurbewaringsowerhede, onderwysersentra. Pragtige samewerkingsaksies bestaan reeds in die Kaap byvoorbeeld, en ons sou dit graag wou sien uitbrei.

In die lig van hierdie samewerking hou ek graag die Departement se voorgestelde funksies ten opsigte van omgewingsopvoeding aan u voor:

1. Monitor die stand van omgewingsbewustheid van die bevolking, asook die beskikbaarheid van geleenthede en hulpmiddels vir omgewingsopvoeding.
2. Bevorder die gekoördineerde oordraging van kennis, oortuigings, vaardighede en evalueringsvermoë om omgewingsbewustheid en effektiewe samewerking te verkry.
3. Formuleer beleid en riglyne vir omgewingsopvoeding in oorleg met belanghebbende instansies.
4. Bevorder die daarstelling van geleenthede en hulpmiddels vir omgewingsopvoeding.
5. Identifiseer navorsingsbehoeftes en reël vir gepaste noodsaaklike navorsing.

Dames en here, ons lewer 'n diens, maar ons wil ook graag weet wat u behoeftes is. Daar is museums wat reeds puik werk doen vir die omgewing. Ek het insae gehad in programme van die Albany Museum, Houtbaai Museum, McGregor Museum en Suid-Afrikaanse Museum. 'n Gekoördineerde poging deur alle museums kan egter veel meer bereik!

Ek sluit af met 'n oproep uit die Deklarasie van die 1985 Wêreldkonferensie oor Omgewingsopvoeding, gehou in Tokio, Japan. Daar is gevra vir "An unprecedented effort of educators throughout the world to restructure the entire educational program to meet effectively the urgent needs of humanity and the planet. The new education must endow learners with environmental competencies that will enable them to contribute to the resolution of local and global problems and to the development of an ecologically sustainable society."

U tema vir vanjaar se konferensie is 'Museumkommunikasie - 'n Nuwe Uitdaging'. Wat gaan u met hiérdie uitdaging doen?

VERWYSINGS


ANON 1986: International Conference on Environmental Education. *The Environmentalist*. Vol.6 No. 4 pp. 309-310.

ANON 1987: Guiding Principles for Effective Environmental Education as adopted at the 1977 Intergovernmental Conference on Environmental Education held at Tbilisi, USSR. *Southern African Journal of Environmental Education*. No. 4 p.10 March.

COETZEE I. 1987: Museums as Interpreters of the Environment: Some thoughts towards Environmental Education. Paper delivered at the 51st Annual General Meeting and Conference of the Southern African Museums Association; Pietermaritzburg.

FRIENDS OF THE SA MUSEUM 1987: *MUSE News*. Vol.1 no. 3 August; no.4 September; no.5 October.

GIBB D. 1987: A Partnership in Education - Museums and Teachers. *SAMAB*. Vol. 17 no. 6 pp.259-262 June.

HSRC WORKING COMMITTEE ON INFORMAL EDUCATION. 1986: *Museum Education Policies and Programmes*. Transvaal Museum, Pretoria and S.A. Museums Association.

IRWIN P.R. 1984: The origin and development of environmental education - a world perspective. *Southern African Journal of Environmental Education*. No.1 pp. 7-9 November.

KOZIK P. 1987: Population. *Conservation Conference Report: 14 February*. Wildlife Society of S.A.: Transvaal Branch. pp.17-21.

MYERS N. (ed) 1985: *The GAIA Atlas of Planet Management*. Pan Books. London.

OBERHOLZER J.J. 1985: Constraints on Museum Education. *SAMAB*. Vol. 16 no. 8 pp.359-367 December.

TOERIEN D.F. 1987: Water, the limiting resource. In: VORSTER W.S. (ed) 1987: *Are we killing God's earth? Ecology and Theology*. UNISA. Pretoria.


*Vervolg op bl. 23*